Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

Agtergrond en Inligting

Inhoud

Leesstuk 1 – Die geskiedenis van die CG Kerk	2
Leesstuk 2 – Etiese kwessies en die CG Kerk	6
Leesstuk 3 – Die sakramente in die CG Kerk	11
Leesstuk 4 – Die Heilige Gees en Geesvervulling in die CG Kerk	15
Leesstuk 5 – Finansiële bydraes in die CG Kerk	19
Leesstuk 6 – Die Gereformeerde Leer	23

Leesstuk 1:

Die Geskiedenis van die Christelike Gereformeerde Kerk

Inleiding

Dit is jammer dat die kerk wat Christus as instituut op die aarde gevestig het, met die verloop van eeue so bedorwe geraak het dat daarvan weggebreek moes word om 'n nuwe kerk te stig. Verskeie tipes kerke het tydens die Hervorming ontstaan: die Lutherse, die Calviniste en ook die Anabaptiste, soos dit genoem is. Hierdie kerke is in die onderskeie Europese lande gevestig. Vanuit Nederland is die “Gereformeerde Kerk” of ook die “Hervormde Kerk”, soos dit afwisselend genoem is, in Suid-Afrika gevestig. Op plaaslike bodem het dit ontwikkel in die Dr.ie groot gereformeerde kerke, of die 'susterkerke', soos dit ook bekend staan, te wete die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk. Die CGK het sy ontstaan uit die eersgenoemde van hierdie Dr.ie.

Wanneer ons die geskiedenis van die CGK bespreek, doen ons dit met 'n mate van hartseer, maar ook met 'n mate van dankbaarheid. Eerstens is ons hartseer dat daar hoegenaamd 'n kerkskeuring moes plaasvind, want die Here het juis gebid om eenheid onder Sy volgelinge. As ons terugkyk na daardie geslag wat dit nodig geag het om weg te breek, bemerk ons dan ook foute en misverstand. Dit stem ons nederig en afhanklik van God se vergiffenis. Tog is daar ook by ons dankbaarheid omdat ons tog die Here se hand in al die gebeure gewaar. Daar was sonder twyfel 'n werking van die Gees van die Here betrokke: by die herlewing wat uitgebreek het, by die kerkstigting, en deur die jare heen tot vandag. Die besonderhede is soos volg:

Dr. D.J. de Vos

Baie van die gebeure rondom die ontstaan van die CGK het te doen gehad met hierdie man. Daarom is dit nodig dat ons kortliks na sy lewe en werk kyk.

Dr. de Vos was 'n mens met 'n sterk wil en 'n absolute toewyding aan God. Op skool het hy akademies en op sportgebied uitgeblink. Vanuit sy ouerhuis het hy 'n vroom opvoeding ontvang en die Here roep hom dan ook om voltyds in Sy diens te staan. Hy studeer aan die Universiteit van Stellenbosch en begin daarna 'n suksesvolle bediening as leraar in die NG Kerk. In daardie tyd was hy 'n energieke werker in die kerk se sinodes en kommissies, gewild as spreker, toegewyd aan sy gemeentes en 'n goeie student. Hy het onder andere ook twee doktorsgrade voltooi.

Reeds vanaf sy eerste dag aan die kweekskool is Dr. de Vos teleurgestel deur die wêreldse gesindheid en gebrek aan geestelike kwaliteit van die studente daar. Hy het oortuig geword dat baie wat na die kansels gaan in werklikheid onbekwaam is om mense op 'n pad van ware gemeenskap met God te lei, omdat hulle eie lewens nie daarvan getuig het nie. Hy was daarvan oortuig dat sy kerk op verskeie terreine te kort geskiet het, deur 'n gebrek aan duidelike evangeliese prediking, deur nie sonde by die naam te noem en lidmate tot 'n heilige lewenswandel op te roep nie, deur duidelik ongeredde mense tot die gemeente en sakramente toe te laat, en so meer. Teen hierdie gebreke het hy hom ywerig gerig. Daar was egter op die stadium geen sprake dat hy sy kerk wou of sou verlaat nie.

Die herlewing in 1940 in Durban

In 1940 is hy na Durban beroep om as medeleraar die moedergemeente daar te dien. Op daardie tydstip was die situasie geestelik en finansieel gesproke maar sleg. Uit 'n totaal van 10 000 siele het minder as 100 die dienste gereeld bygewoon en finansieel was die gemeente na aan bankrotskap. Dr. de Vos het daardie jaar die Pinksterreeks waargeneem. Op die 10de Mei 1940 het daar 'n groot herlewing uitgebreek in die gemeente. Die kerk was aand vir aand stampvol en honderde mense het tot bekering gekom. Lidmate van ander gemeentes en kerke het begin kom en so het die herlewing na die hele stad uitgebrei. Oral in Durban, in huise, in winkels, op busse, is daar gebid, gesing en getuig. Daagliks het mense hul lewens aan God gewy en hul by die gemeente gevoeg. Die dienste was vol, die gemeente vol ywer en die skuld kon afgelos word.

Ongelukkig was nie almal met die verwikkeling gelukkig nie. Van kerklike kant af is die gebeure veroordeel as ongereformeerd en on-Calvinisties. Predikante het hulle daarteen geskaar en Dr. de Vos het begin om teenstand te ervaar. Hy was egter vas oortuig dat dit presies is wat die kerk nodig gehad het, en wou nie wyk van die koers waarop hy geglo het die Here hom geplaas het nie.

Hierdie gebeure, waarin die seën van die Here oorweldigend ervaar is, het tot in 1944 aangehou.

Die kerklike gevolge van 1944

Vroeg in 1944 is 'n beswaarskrif teen Dr. De Vos ingebring wat deur die plaaslike ring [in Maart] ondersoek is. Hul kon geen klag teen hom vind nie, maar hy is beskuldig van selfverheerliking en gevra om te bedank. Dit wou hy nie doen nie. Daarna het hy baie teenstand ervaar in kommissies en kerklike vergaderings, maar niks kon wetlik teen hom of sy bediening ingebring word nie. Op 12 April is hy weereens op 'n ringsitting, sonder enige klagte, gevra om te bedank. Omdat daar geen regsgronde was nie, het hy geweier. Nogtans is hy op dieselfde vergadering, sonder 'n verhoor, geskors.

Die meeste gemeente- en kerkraadslede was ontsteld toe hulle dit verneem en het daarop aangedring dat dit ongeldig was en dat Dr. De Vos sou aanbly as hul predikant. Op Sondag 16 April het die moderator persoonlik gekom om sake by die kerk onder hande te neem, maar die kerkraad het oorweldigend gestem dat Dr. De Vos, in pleks van die moderator, die dienste moes waarneem. Die volgende dag is al die kerkraadslede wat ten gunste van hierdie besluit gestem het, geskors. Die komende Vrydag, 21 April, sou daar 'n kerkraadsvergadering wees, deur die moderator gelei, om die saak uit te pluis. In hierdie

stadium het die spanning oor wat sou gebeur by almal hoog geloop. Honderde mense het buite die kerke saamgedrom. Dit was ‘n ope vraag wie die vergadering sou lei. Toe sewe-uur aanbreek, en die moderator steeds bly sit, het die spanning vir Dr. De Vos te veel geword. Hy het opgestaan en gesê: “Broers, die wat saam met my is, kom ons verlaat die vergadering.” Daarop het vyftig kerkraadslede opgestaan en die vertrek saam met hom verlaat. Die agtergeblewenes kon nie 'n kworum vorm om met die beplande vergadering voort te gaan nie.

Met groot smart en baie trane is dieselfde aand nog besluit om voort te gaan met die stigting van 'n nuwe kerk.

'n Nuwe kerk

Op die 28ste April 1944, is daar met groot ontroering en bewoënheid 'm nuwe kerk gestig. Dr. De Vos se gesondheidstoestand was teen daardie tyd te swak om self die vergadering te lei, en sy twee broers, beide ook NG Kerk leraars, lei toe die verrigtinge. Daar is besluit om kerk te wees in die ware sin van die woord, nie sektaries te word nie, om nie met die historiese verlede te breek nie, maar om in die gees van die Reformasie te bly. Die naam van die nuwe kerk sou die *Nuwe Protestantse Kerk* wees.

'n Verdere afskeiding

Dit is egter nie die einde van die verhaal nie. Die nuwe kerk het vinnig uitgebrei, heelwat gemeentes is gestig en predikante is aangestel. Met die verloop van tyd het Dr. De Vos, wat die moderator was, egter begin aanvoel dat dinge nie ontwikkel soos wat hy dit voorsien het nie. As gereformeerde teoloog het sekere praktyke hom ontstel. Hy het gevoel dat dinge te vinnig ontwikkel het, dat die kerk onbeheers groei en dat die gereformeerde pad verlaat word. Oor sekere aspekte van die verlossing en volharding, die heiligmaking, genesing, die wederkoms en so meer het hy begin verskil van die meerderheid van die nuwe kerk. Nadat hy hom lank daarteen uitgespreek het, ook as redakteur van die kerkblad, het daar 'n openlike botsing gekom en is hy met 'n minderheid van leraars en gemeentes, wat soos hy gevoel het, weg.

Op 10 Mei 1949 vorm hy dus vir die tweede keer 'n kerk, wat die *Hervormde Nederduitse Gereformeerde Kerk* genoem is. Daarmee wou hy sy aanvanklike ideaal van 'n suiwer kerk, vry van sektarisme, herleef. Op 10 Mei 1983 is die kerk se naam, wat omslagtig en verwarrend was, verander na die *Christelike Gereformeerde Kerk (CGK)*. Die Nuwe Protestantse Kerk het intussen ook hul naam verander na die *Evangelies Gereformeerde Kerk (EGK)*.

Versoenende optredes

Die moderature van die CGK en EGK, die twee kerke wat uit die bg. gebeure ontstaan het, het in die sewentigerjare van die vorige eeu samesprekings gevoer om te besin oor moontlike samewerking. Terwyl hulle op goeie voet bly, het hulle egter besef dat elkeen intussen sy eie identiteit aangeneem het. Die CGK het bv. intussen die vernuwing van die Heilige Gees beleef en ‘n nie-rassige koers ingeslaan.

Vroeg in 2004 het die moderature van die CGK en NGK ook saam vergader en ‘n versoenende gesprek gevoer. Dit het daartoe gelei dat ‘n gesamentlike diens gehou is in

die NGK Durban Moedergemeente, waar Dr. De Vos die NGK verlaat het, op Goeie Vrydag, 9 April 2004, 60 jaar na die afskeiding. Dit is bygewoon deur die CGK leraars, die NGK se plaaslike leraar en gemeentelede en die NGK se Direkteur: Ekumene. Daar is saam nagmaal gevier, oorkondes uitgeruil en wedersyds om vergiffenis gevra. Vir baie wat nog die seer van die skeuring beleef het, was dit ‘n wonderlike belewing van heling en versoening.

Die CGK het besluit om eerder “die deugde van Christus te verkondig as die ondeugde van ander kerke.”

Slot

Hoe oordeel ons vandag oor hierdie dinge? Ons respekteer ons leiers en dank die Here dat Hy hulle gebruik het, want God het inderdaad groot dinge daardeur gedoen. Terselfdertyd besef ons dat hulle bloot mense was en dat hulle in ‘n spesifieke tyd en konteks opgetree het. Ons bid dat die Here ook vir óns sal gebruik, in óns tyd en konteks, om groot dinge te doen.

Ja, te midde van die hartseer wat met die afskeiding gepaard gegaan het, het die Here tog sy seën gebied. Die impak van die CGK in Suid-Afrika is buite verhouding tot sy grootte. Deur die bediening van die CGK het duisende mense die Here leer ken en dien en word die evangelie tot aan die eindes van die aarde verkondig. Mag die Here ons in staat stel om steeds kerk te wees tot Sy eer!

As jy meer besonderhede verlang oor die geskiedenis van die kerk, of van bronne wat daarna verwys, kan jy dit by die sinodale kantoor aanvra.

Leesstuk 2:

Etiese kwessies en die Christelike Gereformeerde Kerk

Amptelike standpunte

Inleiding

Christene vra soms na leiding in verband met die vele etiese en morele vraagstukke van ons dag, en verwag dat hul kerk vir hul leiding hieroor sal gee. Die Christelike Gereformeerde Kerk het reeds oor verskeie van hierdie items standpunte geformuleer wat vir die nuwe lidmaat waardevol sal wees om van kennis te neem. Ons weet wel dat etiese dilemmas meestal moeilik is omdat elke keuse voor- en nadele inhou, en dat ons elke individu wat daarmee worstel met liefde en genade moet hanteer. Ons moet egter as gelowiges die Woord as riglyn gebruik in hoe om hierdie kwessies te hanteer.

Doodstraf

Vanuit die Skrif is dit duidelik dat 'n menslike lewe oneindige waarde het. 'n Mens is die skepsel en beelddraer van God. Iemand wat dus sy hand slaan aan 'n medemens, slaan aan die beeld van God en na God as Skepper van daardie mens. Daarom maak die Skrif dit baie duidelik dat die doodstraf die korrekte straf is vir moord (met voorbedagte rade). Die CGK ondersteun dus in beginsel die doodstraf.

Aborsie

Die kerk se standpunt teen aborsie op aanvraag het dieselfde motivering. Die lewe is 'n gawe van God, en geen mens mag sy hand daaraan slaan nie. Spekulasie oor wanneer menslike lewe begin kan beswaarlik bewys word; die Skrif getuig eerder dat God ons reeds geken en selfs geroep het nog voor ons geboorte. Die kwessie of 'n baba ongewens is, kan geen argument wees as dit oor die heiligheid van die lewe gaan nie. Christene vra juis vir 'n sosiale opset waarin alle kinders in die stabiliteit van 'n huweliksverhouding gebore word en nie ongewens sal (of behoort) te wees nie. Sosiale probleme, of sonde in die samelewing, kan nie opgelos word deur die onskuldige party se lewe te beëindig nie. Die bg. standpunt sluit aborsie as gevolg van mediese of etiese redes uit.

Genadedood

Oor die genadedood, wat hiermee verband hou, het die kerk hom nog nie amptelik uitgespreek nie, maar ons weet dat die beginsel van lewe, soos dit in die bg. twee gevalle geld, ook hier die uitgangspunt is.

Buitehuwelikse seks

Die Skrif is ook op die terrein van die seksuele baie duidelik. Die wil van God vir mans en vrouens is die sluit van huwelike, meer spesifiek monogame huwelike, waarbinne 'n mens homself seksueel kan uitleef en waarin kinders in stabiele, liefdevolle omstandighede in die wêreld gebring kan word. Enigiets wat teen die huwelik staan, is sonde. Voorhuwelikse seks is sonde, volgens die Skrif, al is dit vandag baie algemeen. Leraars van die kerk sal pare wat saamwoon wys op die Skrif se bedoeling vir seks en die huwelik en sal hulle wil begelei om tot ‘n huwelik te kom, of andersins om die (seksuele) verhouding te beëindig. Buite-egtelike seks (owerspel) is ook sonde, asook prostitusie, omdat dit inbreuk maak op die huwelik as instelling van God.

Egskeiding

Egskeiding, as die opheffing van die huwelik, is ook sonde, omdat dit die wil van God teëgaan dat ons in die huwelik liefdevol en getrou met mekaar moet saamleef. Alhoewel dit dus vandag algemeen is, sal leraars van die kerk seker maak dat geskeide persone deur die trauma van hul egskeiding gewerk het, wat sal insluit dat hul vergiffenis van God gekry het vir die egskeiding en alles wat in die huwelik God se goeie wil vir ons teëgegaan het.

Homoseksuele verhoudings

Alhoewel God alle mense baie liefhet en almal in die gemeenskap van gelowiges welkom is, beskou die kerk die aktiewe uitlewing van homoseksuele en lesbiese verhoudings as strydig met die Bybelse getuienis. Die kerk het dus besluit dat diegene in aktiewe homoseksuele verhoudings nie as lidmate toegelaat word nie, nie as ampsdraers kan dien nie en ook nie (met persone van dieselfde geslag) in die huwelik bevestig kan word nie, omdat die huwelik volgens die Bybel ‘n instelling is tussen ‘n man en ‘n vrou. Lidmate wat in aktiewe (d.w.s. seksuele) homoseksuele verhoudings is, sal gevra word om dit te bely en te laat vaar. Die korrekte en liefdevolle pastorale en kerkregtelike weg sal in alle gevalle gevolg word.

Geheime organisasies/politieke betrokkenheid

Lidmate van die CGK mag nie lede wees van geheime organisasies – bv. die Vrymesselaars – nie en ampsdraers mag ook nie ingeskrewe lede van politieke partye wees nie.

“Tussenliggende” dinge

Waar die bg. sake uitdruklik in die Skrif as sonde bestempel word, is die sake wat nou volg sogenaamde “tussenliggende” dinge, wat beteken dat die Skrif nie so duidelik hieroor is nie en vir ons ‘n mate van vryheid en onderskeiding hierin gun. In die kerk se Induksiekursus word meer riglyne gegee oor hoe ons oor sulke sake kan oordeel.

Sondagviering

Volgens die Skrif het God die Sabbat ingestel as sy dag waarop gerus moes word. Meer spesifiek was dit bedoel as verbondsteken vir die Joodse volk. Ons sien egter dat die nie-Joodse Christene van die begin af nie die Sabbat, wat op Saterdag val, geken of gevier het nie. In die plek daarvan het hulle eerder die Sondag as “Dag van die Here” gevier. Toe die

Vroeë Kerk moes oordeel oor hoe die nie-Joodse Christene moet leef (Hand. 15), het hulle nie die Sabbat daarby ingesluit nie. Paulus rig hom ook in Galasiërs en Kolossense teen die Sabbat, die besnydenis en die vele reëls van die Joodse Wet, wat die nie-Joodse gelowiges betref. Hy leer die gemeentes eerder (Rom. 8, Gal. 5) om deur die Gees te wandel en op dié wyse die wil en wet van die Here uit te leef. Ons praktyk is dus die volgende:

- Ons leef ‘n Nuwe Testamentiese lewe, nie ‘n Ou Testamentiese nie. Ons leef nie ‘n wettiese lewe nie, maar ‘n Geesgeleide lewe. Op die wyse kan ons, volgens Paulus, meer in God se wil leef as wanneer ons sou probeer om in eie krag wette te gehoorsaam. Die natuurlike mens is eenvoudig nie daartoe in staat is nie. Ons hou dus nie ‘n Ou Testamentiese Sabbat nie en vier die Sondag ook nie op wettiese wyse nie. Sondag simboliseer die opstanding van die Here, en daarom het die Sondag vir ons ‘n feeskarakter. Dis ‘n feesdag: vir ontspan, vir rus, vir die dinge van die Here en vir ons gesinne.
- Ons glo egter wel dat die sabbatsbeginsel – dat die mens een dag uit sewe moet rus – vir almal bedoel is en ingeskape is in die skepping. Daarom verkies ons dat die Sondag 'n openbare rusdag moet bly en is gerig teen te veel kommersialisering, sport-aktiwiteite of die doen van werk, want dit ontneem die Sondag van sy spesiale karakter.
- Die Sondag is reeds deur die vroegste Christene gebruik vir die gemeente se byeenkomste, soos gesê. Daarom is dit ook vir ons hoë prioriteit om op 'n Sondag die byeenkomste by te woon (Heb. 10:25).

Alkohol

Oor drank is daar twee aspekte in die Skrif te vinde. Die eerste is dat wyn, as deel van die land se opbrengs, kan spreek van God se seën en oorvloed. Die ander kant van die saak is dat die Skrif dronkenskap uitdruklik afkeur as dwaas en sonde. Verder weet ons dat die diensdoende priesters nie wyn gedrink het nie (Lev. 10:9), en dat Nasireërs, wat vir 'n periode of lewenslank met God in ‘n besondere ooreenkoms gestaan het, geen wyn gedrink het nie (Num. 6:3-4) – dus ook nie Johannes die Doper nie. Jesus het egter wel wyn gedrink (Luk. 7:33-34). Paulus sê dat ouderlinge nie te veel drank mag gebruik nie (1 Tim. 3:3). Hoe oordeel die kerk hieroor? Die kerk aanvaar die Skrif se uitsprake oor alkohol, maar moedig sy lidmate ook aan om te oorweeg om glad nie te drink nie. Misbruik en alkoholisme is oral ter wêreld, en veral in Suid-Afrika, 'n geweldige sosiale euwel.

Rook

Tabak was natuurlik nie bekend in Bybelse tye nie, maar die beginsel geld wel, soos by drank, dat ek my nie deur iets laat oorheers nie (1 Kor. 6:12). Nikotien is besonder verslawend, en die gevare daaraan verbonde vir die liggaam is medies goed bevestig. Daarom het die kerk ook wat dit betref vrymoedigheid om aan sy lidmate aan te beveel om glad nie te rook nie, of om so gou as moontlik verlossing van die gewoonte van die Here te vra. Dis duidelik dat die Here nie wil hê dat Sy kinders in verslawende en afbrekende gewoontes vasgevang moet sit nie. Dieselfde beginsel geld vir verslawing aan dwelms, medisyne, kos en dinge soos werk, oefen, seks, speletjies of stokperdjies. Ons leef vir die Here alleen en ons laat SY Gees ons beheers.

Musiek/Dans

Jongmense vra dikwels vrae oor hieroor. In Bybelse tye was musiek en dans gewoonlik deel

van volksfeeste of geestelike feeste. Joodse danse tot vandag is vir mans en vroue apart, gewoonlik in vrolike sirkels. Hoe oordeel ons oor vandag se musiek en danse? Baie hedendaagse musiek- en dansvorme is so op die sinlike ingestel dat geen kerk dit vir sy lidmate kan goedkeur nie. Daarby is die plekke waar gedans word ook dikwels omgewe van 'n atmosfeer waarin die Heilige Gees nie welkom is nie. Die kerk pleit by sy jongmense om met groot omsigtigheid met hedendaagse sosiale dans om te gaan, en ook om hul musiek te keur. Die Skrif sê dat ons ons van elke vorm van kwaad moet afweer (Rom. 12:9; 1 Tes. 5:22).

Dobbel

Ons onderskei tussen (1) die LOT, wat in uitsonderlike omstandighede gebruik is om God se wil te onderskei, (2) LOTING, wat volgens die beginsel van waarskynlikheid ‘n ewekansige uitlag wil bekom, bv. vir ‘n speletjie, en (3) LOTERY, wat ‘n geld-spel is waar enkele wenner[s] bevoordeel word tot nadeel van vele verloorders. Dobbel oor die algemeen het 'n sosiale euwel geword, wat arm en desperate mense verlei om te veel geld daaraan te spandeer tot nadeel van hul gesinne. Vir baie dobbelaars het dit 'n verslawing geword. Die Skriftuurlike beskouing is dat 'n mens moet werk om jou geld te verdien. Die CG Kerk het hom dus uitgespreek teen gewettigde dobbelary en staatsloterye.

Moderne Kwessies

Daar is ook moderne, etiese kwessies wat vandag baie aandag geniet. Die volgende is hiervan voorbeelde. Die kerk het nie hieroor amptelike standpunte nie, en elke lidmaat moet vir homself uitmaak hoe hy hierop wil reageer.

Klimaatsverandering

Klimaatsverandering is ‘n moderne etiese kwessie. Volgens alle getuienis is aardverwarming besig om plaas te vind, wat die gevolg is van industrialisasie en ekonomiese groei, die bevolkingsontploffing en ontbossing. Christene kan nie hiervan wegstaan nie, omdat die Here vir ons opdrag gegee het om die aarde “te bewerk en te bewaak” (Gen. 2:15). Om te sê dat die aarde in elk geval sal vergaan, beteken nie dat ons van ons verantwoordelikheid vir God se opdrag vrygestel word nie. Elke Christen moet dus moeite doen en deelneem aan pogings om die natuur, insluitende die klimaat, te bewaar en om volhoubaar en verantwoordelik te leef.

Rassisme en kritieke rasse-teorie

Ons leef inderdaad in ‘n land van groot ongelykhede en met ‘n geskiedenis wat deur rasse-stryd gekenmerk is. Rassisme is steeds ‘n groot tema in die alledaagse Suid-Afrikaanse diskoers. Die CGK het reeds in die tyd van apartheid besluit om een kerk te word (uit die rasgeskeide kerke wat ons was) en lidmaatskap van alle gemeentes is oopgestel lank voor dit algemeen geword het vir ander kerke. Die CGK is tans ook ‘n kerk wat al vier hoof-bevolkingsgroepe in Suid-Afrika verteenwoordig. Ons is eensgesind dat ons nie rassisties wil wees nie en aanvaar elke opregte Christen as broer en suster in die Here, ongeag velkleur. Ons help mekaar ook sodat die wat minder het, meer ondersteuning ontvang, presies soos Paulus bedoel het in 2 Kor. 8:13-15. Rassisme word gedefinieer as rasse-stereotipering, rasse-diskriminasie en rasse-haat, maar meer onlangs het die siening veld

gewen dat rassisme te doen het met ‘n magstruktuur en dat slegs diegene met mag (d.w.s. wit mense) rassisties kan wees en ander nie. Op die wyse word elke individu se persoonlike keuses tot niet gemaak en word hy weereens op sy velkleur by ‘n groep ingedeel. Dit is tans ‘n baie verdelende onderwerp. Ons verkies om mekaar eerder in die Gees van Christus te omarm.

Leesstuk 3:

Die Sakramente in die Christelike Gereformeerde Kerk

Inleiding

‘n Sakrament is ‘n heilige handeling wat deur Jesus self ingestel is om sy kerk te versterk en te bou. Augustinus noem dit “uiterlike tekens van innerlike genade”. Sakramente (die woord dui op iets wat heilig, gewyd is) is simboliese handelinge wat ons verhouding met God bevestig en versterk. Ons noem die sakramente “tekens en seëls”, omdat dit simboliese betekenis het en ook omdat dit geestelike waarhede bevestig en vas maak. Met die meeste Protestantse kerk aanvaar ons twee sakramente, nl. doop en nagmaal:

- Die doop is ‘n simbool van ons inlywing in die kerk. Die water wys op die afwassing van sonde en die handeling wys daarop dat ons tot ‘n nuwe lewe opgestaan het. Die doop word slegs een keer toegedien, omdat ons net een keer gered en ‘n kind van God word.
- Die nagmaal is ‘n simbool van ons eenheid met Christus en sy kerk. Die brood en wyn wys op Jesus se kruis, maar ook op ons eenheid as kerk, as diverse lede in een liggaam. Die nagmaal word gereeld gevier, omdat ons die versterking daarvan dikwels nodig het.

Die sakramente werk nie meganies nie, maar word in geloof toegeëien. Die sakramente is slegs bedoel vir die wat werklik kinders van God is.

Die Heilige Doop

Instelling van die doop

Jesus het die Christelike doop ingestel toe Hy die “Groot Opdrag” aan Sy dissipels gegee het, in Mat. 28:19. Elke keer wanneer iemand tot geloof in Hom kom, moes so een gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Om te doop was nie in daardie dae ’n vreemde ding nie, want as iemand vanuit ’n heidense agtergrond na die Joodse geloof oorgekom het, is hy ook by die inisiasie gedoop. Ook Johannes die Doper, wat die wegbereider vir Jesus was, het mense in die Jordaan gedoop as teken van hul bekering en die vergewing van hulle sondes. Selfs Jesus het na hom gegaan en is deur hom gedoop. Toe Jesus egter die Christelike doop ingestel het, was dit iets nuuts, want vir die eerste keer moes mense gedoop word in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Die doop in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament is dit baie duidelik dat die doop in die nouste verband gestaan het met die verkondiging van die evangelie en die geloof wat daardeur in ’n mens ontstaan het. Mense is dikwels gedoop kort nadat hulle tot geloof in Christus gekom het. Die doop was ’n teken van die afwassing van hulle sondes, wat deur God se genadige verlossingswerk plaasgevind het. Dit was ook ’n verseëling van alles wat hulle in Christus ontvang het, en het as poort gedien vir hulle inlywing in die gemeente (1 Kor. 12:13) en ook in die verbond van God (Gal. 3:26-29).

As ons oor die verbond praat, kom die vraag altyd op of kinders van gelowige ouers ook gedoop mag word. In die Ou Testament het ouers die opdrag gehad het om hulle kinders te bring vir inlywing in die verbond deur die besnydenis. Dit is ook betekenisvol dat Petrus in sy veelseggende preek net na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag aan die volk sê: *Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here God na Hom toe sal roep* (Hand. 2:38-39). Die belofte van redding is dus uitdruklik vir ons kinders bedoel, en hulle word by die prediking van die evangelie ingesluit en moet daarop reageer.

Dis ook veelseggend dat nie net individue nie, maar ook gesinne in die Nuwe Testament gedoop is (Hand. 10:47-48; Hand. 16:15; Hand. 16:33; Hand. 18:8; 1 Kor. 1:16). Trouens, daar word omtrent net soveel van individuele doopgevalle as van gesinsdope gepraat. In Bybelse tye het die hoof van die familie belangrike besluite namens die familie geneem. Die individualisme van vandag het nie in Bybelse tye bestaan nie en vroue en die kinders het veel minder regte of status gehad as vandag. As die hoof van die huis dus tot bekering gekom het, het sy hele huis daarmee ‘n Christelike huis geword.

‘n Kerklike doopppraktyk

Kerke is baie verdeeld oor die kwessie van die doop. Sommige kerke doop net babas en sommige sê selfs dat sulke babas gered is. Ander doop weer net volwasse gelowiges en ook sommige van hulle sê dat so ‘n doop noodsaaklik is vir redding. Ook die metode van doop wissel. Party kerke doop net by wyse van indompeling in water, waarvan sommige drie maal onderdompel en ander eenmaal. Ander kerke besprinkel of begiet net met water. Sommige kerke erken nie die doop van ander kerke nie, en wanneer gedoopte gelowiges by hulle aansluit, doop hulle hul weer. Op die wyse het die leer oor die doop al baie verdeeldheid en verwarring veroorsaak.

Die CG Kerk is egter oortuig dat die doop wat Jesus ingestel het nie bedoel was om skeuring in die kerk te veroorsaak of onenigheid in huisgesinne nie. Daar is immers net een doop, met een simboliek en betekenis, en die verskille in interpretasie en toepassing is sekondêr daartoe. Die kerk wil dus eerder rondom die doop ’n getuienis van eenheid laat uitklink. Ons doop dus op die volgende wyses:

- Ons doop diegene wat tot geloof in Christus gekom het – so na as moontlik na bekering – maar maak ook ruimte vir gelowige ouers om hulle kinders ten doop te bring. Op die wyse reflekteer ons wat ons in die Nuwe Testament lees.

- Ons doop deur indompeling in water, en as dit ’n probleem is (soos wanneer iemand te jonk, te oud of te siek is) kan ons ook by wyse van begieting of besprenkeling met water doop. Die vroegste getuienis is dat die metode van doop nie so belangrik soos die beginsel daarvan is nie.
- In sekere gevalle bedien ons die doop aan mense wat reeds gedoop is, maar wat om ‘n aanvaarbare rede hulle bekering en geloof in Christus wil bevestig. Dit kan bv. gebeur as hul doop deur ‘n groep toegedien is wat nie as eg aanvaar kan word nie, as hul ouers nie die Here geken het nie of as hul kinderdoop vir hulle teologies gesproke ‘n probleem geword het. Ons wil egter nie ligtelik “oordoop” nie, en vra dat lidmate eers met hul leraars en kerkrade hieroor in gesprek gaan.

Die CG Kerk beskou die bg. nie as ‘n “dubbele” doopppraktyk nie, maar as ‘n Bybels verantwoordbare een. Ons maak, waar nodig, ruimte vir mekaar in die bediening van die doop, juis sodat die doop op ’n eerlike, nederige en liefdevolle wyse as teken van die verlossing in Christus gehandhaaf kan word.

Soms vra ouers ons om hulle kindertjies te seën of toe te wy in plaas van om hulle te doop. Ons wy graag ons gemeente se kinders aan God toe, omdat daar Bybelse voorbeelde vir sulke handelinge is, maar so ’n seën of toewyding vervang nie die doop as teken en seël van die verbond nie. Ons moedig ons lidmate steeds aan om die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees as sakrament van die Here van die Kerk te aanvaar.

Die doel van hierdie voorligting is om te verhoed dat ons kerk deur argumente oor die doop verdeel word. Ons handhaaf eenheid oor die doop en vra elke lidmaat om hieraan mee te doen. Nader asb. jou leraar as jy in die verband verdere vrae of probleme het.

Die Heilige Nagmaal

Instelling van die nagmaal

Jesus het nie alleen die doop as sakrament ingestel nie, maar ook die nagmaal. Die aand toe Hy deur Judas verraai is, terwyl Hy die Joodse Pasga saam met sy dissipels gevier het, het Jesus die karakter van die Pasga verander en die elemente met nuwe betekenis gevul. Hy het weer die brood op die tafel geneem, dit gebreek en uitgedeel om te eet, met die woorde: “Dit is My liggaam.” Na die ete het Hy weer die beker met wyn geneem en aan hulle gegee om te drink, met die woorde: “Dit is My bloed.” Met hierdie twee simbole, brood en wyn, het Jesus Sy lyding en sterwe aan hulle simbolies voorgehou. Dit was die tekens en seëls van Sy verlossingswerk wat Hy aan die kruis volbring het (Mark. 14:22-25).

‘n Kerklike praktyk

Jesus wou hê dat sy navolgers gereeld brood breek en die beker drink om hulleself so te herinner aan sy dood en opstanding (Luk. 22:19, 1 Kor. 11:24 26). Ons vier dus gereeld die nagmaal in die kerk, formeel ten minste een maal per kwartaal en somtyds informeel in kleingroep-verband. Deur die viering van die nagmaal beleef ons dat Jesus by ons teenwoordig is. Ons beleef dat ons versterk en genees word deur gees, siel en liggaam.

Die nagmaal vra egter ’n gelowige ondersoek van jou lewe (1 Kor. 11:27-29). Dis slegs

bedoel vir die persoon wat uit genade gered is en weet dat hy ‘n kind van God is. Dis bedoel om gelowig en met verootmoediging gebruik te word, terwyl ons alle sonde bely. Dis bedoel vir die gelowige wat na die tafel kom met ’n vaste voorneme om as navolger van Christus te lewe.

As iemand in sonde volhard en onwillig is om van verkeerde leefwyses af te sien, mag die ouderlinge in die gemeente – na die voorgeskrewe proses – toesien dat so een hom of haar van die tafel van die Here te weerhou.

In die CGK word ouderlinge ook toegelaat om die nagmaal te bedien, veral in afwesigheid van ‘n voltydse leraar. Dit kan ook in kleingroep-verband gebeur.

In die CGK is almal wat die Here aangeneem het welkom om aan die tafel van die Here aan te sit, al behoort hulle aan ander kerke. Ook kinders en jeug (12 en ouer) kan deelneem, as die ouers oortuig is dat hulle die Here opreg aangeneem het.

Leesstuk 4:

Die Heilige Gees en Geesvervulling In die Christelike Gereformeerde Kerk

Inleiding

Ons kan nie effektiewe kinders van die Here wees, of ‘n effektiewe gemeente hê, as die Heilige Gees ons nie daartoe in staat stel nie. Let op die volgende:

Die werk van die Heilige Gees

Die Heilige Gees is God wat in ons werk om ons van sonde te oortuig en tot bekering te lei (Joh. 16:8). Dit is ook Hy wat 'n persoon wederbaar en in hom kom woon (Joh. 3:5; 1 Kor. 6:20). Dit is die Heilige Gees wat 'n persoon lei tot geestelike groei en heiligmaking, en wat hom in staat stel om te volhard tot die einde toe (Rom. 8:11). Hy bewerk die eienskappe van God in die lewe van Sy kinders soos vrugte aan 'n boom: liefde, vrede, blydskap, geduld, nederigheid, geloof, getrouheid, goedheid en selfbeheersing (Gal. 5:220. Die Heilige Gees is die waarborg van God dat 'n kind van God die ewige lewe as iets blywend in hom het (2 Kor. 1:22; Efes. 1:14). Die Heilige Gees is ook God wat mense saambind in die gemeente, wat ook die gemeenskap van die Heilige Gees is (2 Kor. 13:13). Hy onderhou en ondersteun Sy kerk en rus dit toe om diensbaar en effektief te wees in sy opdrag (Rom. 12:4-8; Efes. 4:11-13). Die Heilige Gees kan ook nog in verband gebring word met die skepping en die Skrif, onder andere.

Die gevolgtrekking is egter dat dit onmoontlik sou wees om ‘n Christen te word en te wees sonder die Heilige Gees. Elke Christen het die Heilige Gees in hom, want Christenskap beteken juis om deur die Gees weergebore te wees en God in jou lewe te ervaar. Dit is verkeerd as mense sou dink dat net sekere Christene die Heilige Gees het. Die Heilige Gees is oral waar God se kinders is!

Vervulling met die Heilige Gees

Terwyl die bg. waar is, kan ons tog uit die Skrif aflei dat die Heilige Gees in 'n meerdere of mindere mate by mense teenwoordig kan wees, of anders gestel, dat Christene in ‘n meerdere of mindere mate aan die Gees oorgegee is. Christus het die Gees in onbeperkte mate (Joh. 3:34), terwyl gelowiges aangemoedig word om steeds meer onder die beheer en leiding van die Heilige Gees te leef (Gal. 5:16, 26). “Word vervul met die Gees”, sê Paulus (Efes. 5:18). Elders lees ons dat die Heilige Gees “bedroef” kan word (Efes. 4:30), en selfs “geblus” kan word (1 Tess. 5:19). Ons moet altyd onthou dat die Heilige Gees van God 'n Persoon is en nie 'n blote krag of mag nie. Soos ons God in ‘n mindere of meerdere mate in ons lewe begeer gee, so met die Heilige Gees, want die Gees is God.

Dit bly dus die Christen se opdrag om in die nouste moontlike gemeenskap met die Heilige Gees te leef, onder Sy leiding en deur Sy krag. Kortom, Christene moet “Geesvervuld” wees. Wat bedoel ons egter met die term “Geesvervulling?”

Oorgawe aan die Heilige Gees

As die apostel by die Efesiërs aandring dat hul van die Heilige Gees “vol” moet word, beteken dit eerstens dat hulle hulself meer en meer aan die Heilige Gees, wat in hulle woon, sal oorgee. Christene moet hul lewens toenemend onder beheer van die Heilige Gees stel, sodat hul deur Hom gelei word (Gal. 5:18) en deur Hom sal wandel en lewe (Gal. 5:25). Dis dus 'n kwessie van BEHEER. Die Heilige Gees wil volle beheer hê van jou lewe as Christen. In hierdie sin is dit beter om nie te vra, 'het jy die Heilige Gees' nie, maar om te vra, 'het die Heilige Gees jou'?

In 1 Kor. 2:14-3:3 beskryf Paulus drie soorte mense:

- NATUURLIKE mense is diegene wat nie die Gees het nie en nie gelowig is nie.
- VLEESLIKE mense is Christene wat wel die Here die aanvaar het Verlosser, maar wat nie beheer afgee aan Christus om deur Sy Heilige Gees in hul lewens te regeer as Heer nie. Sulke Christene se lewens draai om hulleself. Hulle leef wêrelds, “vleeslik” en oorkom nie hulle eie sondige natuur nie
- GEESTELIKE mense is Geesvervulde Christene wat die Here gekroon het as Koning van hul lewe. Hulle het afstand gedoen van beheer oor hulle lewe en dit aan die Here uitgelewer. Dit is wat Jesus beskryf as om “die kruis op te neem, die self te verloën, en Hom te volg” (Mat. 16:24). Paulus stel dit dat ons die “vlees”, d.w.s. die ou natuur, moet “kruisig” (Rom. 8:13). Ons leer om te sterf aan onsself en ons eie belange en om Christus se belange voorop te stel. Hy sê ons stryd is tussen die “vlees” en die Gees in ons lewe (Rom. 7-8).

Hierdie lewe van oorgawe aan Christus en aan sy Heilige Gees is die Skriftuurlike eis vir elke Christen. Dit is wat ons geestelike groei en volwassewording behels. Die doel is dat ons die gestalte van Christus in ons lewens sal openbaar (Efes. 3:13-15). Dit is ons “heiligmaking” (1 Pet. 1:15-16). Wanneer 'n lewe so aan God oorgegee is, bewerk die Gees Sy vrug in daardie lewe, soos genoem.

In die praktyk beteken Geesvervulling dat ons onsself daagliks of gereeld aan die Heilige Gees sal oorgee, en sy leiding sal vra en beleef. Dit beteken dat ons gereeld tyd in God se teenwoordigheid sal deurbring, omdat ons op die wyse meer van sy heerlikheid sal reflekteer (2 Kor. 3:18). Dit beteken dat ons ons lewens inrig om God eerste te stel, deur bv. ons geestelike gewoontes, en dat ons gehoorsaam vir God se belange te kies in die vele kleiner en groter besluite van die dag. Ons kies bv. liefde, vrede, vreugde, geduld, nederigheid en die ander vrug.

Dít is wat die Skrif beskryf as Geesvervulling. Elkeen van ons lidmate het die plig om hierdie lewe te leef. Dit is ook ons verwagting van jou.

'n Ervaring met die Gees

Daar is egter iets verder in die Skrif was as Geesvervulling beskryf word, nl. die geleenthede

waar Christene kragtige ontmoetings met die Heilige Gees gehad het. Ons lees bv. daarvan in Handeling (2:4; 8:17; 9:17; 10:44 e.v.; 19:6), in 1 Korinthiërs 12 en 14, en in Galasiërs 3:2-3. In die konteks van hierdie verse lees ons hoe hierdie persone dan op besondere wyse deur die Gees opgetree het, deur in tale te spreek, te profeteer, die Here geloof het, van Hom getuig het, en dies meer.

Elke kind van God kan ook sulke ervarings beleef. Ons geestelike lewe sluit besondere oomblikke in waarin God naby is, waarin ons sy aanraking of krag of genesing beleef, of waarin ons sy stem hoor. In sulke Heilige Gees-oomblikke kan ons ook ervaar dat Hy ons toerus met gawes of roep vir bediening. Wat sulke ervarings betref, wil ons die volgende byvoeg:

- Daar sal sekerlik eerste ervarings in die verband wees, wat ons besonderlik raak, maar geestelike ervarings word weer en weer beleef. Ons sien bv. hoe dieselfde dissipels op Pinksterdag met die Gees vervul is, in Hand. 2:1-4, maar net twee hoofstukke verder weer (Hand. 4:31).
- Sommige beskou ‘n oorgawe aan die Gees (wat ons hierbo beskryf het) as “Vervulling met die Gees”, terwyl hul ‘n ervaring of krag-ontmoeting met die Gees as ‘n “Doping met die Gees” beskou. Die Skrif gebruik egter die woorde “vervul”, “doop”, “val op”, “kom” dikwels as sinonieme om beide hierdie aspekte te beskryf. Ons vermy dus om ‘n Heilige Gees-ervaring as ‘n “doping” te beskou – die Skrif beskryf die “doping” van die Gees ook as ons inlywing by die kerk (1 Kor. 12:13).
- Die Here werk met elke gelowige op ‘n unieke manier. Ons kan dus nie ‘n vaste formaat voorskryf vir hoe ons ervarings met die Gees sal beleef nie. Ons kan dit veral nie forseer nie. Ons kan ook nie sê dat spreek in tale die bewys van Geesvervulling of “doping” is nie – die Bybel en die praktyk leer eenvoudig dat dit nie so is nie. Die Here gee soms sekere gawes by sulke ervarings, maar ander kere op ander tye of maniere.
- Dit is Skriftuurlik, n.a.v. Hand. 8:17; 9:17, 1 Tim. 4:14 en 2 Tim. 1:6, dat iemand jou die hande oplê om sodoende die Heilige Gees en sy gawes oor jou af te bid.

Die CGK het amptelik bevestig dat ons die volle werking van die Gees in die lewens van ons lidmate en gemeentes begeer en elke Christen kan hom of haar uitstrek na dit wat die Heilige Gees vir hom wil gee. Begeer om met die Gees vervul te wees, vra die Gees om jou te vervul, ontvang sy vervulling in die geloof en leef dan daaruit in die geloof. Weet dat God jou WIL vervul met sy Heilige Gees (lees Luk. 11:13, Joh. 7:37-39)!

Die gawes van die Gees

Volgens die Skrif gee die Here “gawes” deur Sy Gees aan die gemeente. Gawes (*charismata*) sluit ons gewone en natuurlike talente of vermoëns in, wat die Heilige Gees wil salf en gebruik, maar ook die besondere en bonatuurlike gawes. Deur die gawes kom die bedieninge, funksies en ampte in die gemeente tot stand. Die gawes wat Paulus noem, is soos volg:

- Eerstens die wat op POSISIES of AMPTE in die gemeente dui:
    - Apostels – die wat gestuur word om die kerk na nuwe plekke te neem en te bestuur (Efes. 4:11; 1 Kor. 12:28)
    - Profete – die wat God se wil aan mense bekend maak (Efes. 4:11; Rom. 12:7)
    - Evangeliste – die wat die evangelie aan ander bring (Efes. 4:11)

    - Herders – die wat die kudde versorg (Efes. 4:11)
    - Leraars – die wat die gesonde leer voorhou (Efes. 4:11)
    - Leiers (“voorgangers”) – die wat leiding neem (Rom. 12:8), bv. die ouderlinge
    - Bestuurders (“regeringe”) – die wat administreer of organiseer (1 Kor. 12:28)
- Tweedens die wat op BEDIENING in die gemeente dui:
    - Bediening – die wat geestelik of materieel bedien (Rom. 12:7), bv. die diakens
    - Vermaan – die woord beteken ook troos / bemoediging, dalk beraad? (Rom. 12:7)
    - Uitdeel – die wat deur God begenadig is om te kan gee (Rom. 12:8)
    - Barmhartigheid – die medelye van sorg en omgee (Rom. 12:8)
    - Helpers – wat 'n wonderlike en belangrike gawe! (1 Kor. 12:28)
- Derdens is daar dan die “besondere” of BONATUURLIKE gawes:
    - Wysheid – Godgegewe insig in 'n situasie
    - Kennis – Godgegewe feite oor 'n situasie *(sommige sien die bg. twee as natuurlike gawes)*
    - Geloof – buitengewone geloof deur God gewerk
    - Gesondmaking – Goddelike genesing in antwoord op gebed
    - Kragte – wonderwerke deur die Heilige Gees
    - Profesie – [reeds genoem] meer as net prediking word bedoel
    - Onderskeiding – die vermoë om valse lering te onderskei
    - Tale – “tongespraak” is om met nuwe klanke of tale te praat
    - Uitleg van tale – die interpretasie van tongespraak se betekenis vir die gemeente

Daar is ook ander gawes as hierdie voorbeelde van Paulus. In die Skrif word musiek, sang, kunste en ambagte ook genoem as vermoëns wat deur die Gees gebruik word. Ander dinge soos “openbarings”, gasvryheid en die selibaat word soortgelyk beskryf. Dan moet jy ook dink aan jou vele talente, kragte en vermoëns, en jou ervaring en opleiding. Dis alles in werklikheid “gawes”, as jy dit vir die Here wil aanwend, en as dit deur die Heilige Gees gesalf, gebruik en geseën word.

In die gemeente word alle bediening deur gawes onderlê. Trouens, daar mag geen bediening sonder ‘n gawe wees nie: niemand moet bv. sing of boeke doen of leiding neem as hy dit nie kan doen nie. Die gemeente het gawes nodig om te kan bedien; daarom bid ons dat die Here vir ons gawes sal toevoeg.

Aangesien elke Christen gawes het, het elke Christen ook ‘n bediening. Dit is juis jou lewensroeping om jou gawes vir die Here te gebruik. Dis mooi dat Hy jou nie roep vir dit wat jy nie kan doen nie, maar juis vir dit wat jy kan en wil doen. Die Here roep jou om JY te wees – vir Hom!

Wat is jóú gawes?

Leesstuk 5:

Finansiële bydraes in die Christelike Gereformeerde Kerk

Inleiding

Die kwessie van finansies in die kerk is dikwels ‘n sensitiewe saak. Sommige neem aanstoot as dit oor geld gaan en soms word snedig gesê dat die kerk net in geld belang stel. Dis natuurlik nie waar nie. Die waarheid is bloot dat finansies – en die lidmate se finansiële bydraes – ‘n duidelike Bybelse saak is, en dat die gemeente en kerk daarsonder glad nie sou bestaan nie. Wat sê die Bybel dus van ons finansies en God se koninkryk?

Finansies in die Ou Testament

In die Ou Testament is die werk van die Here, d.w.s. die hele tempeldiens, met priesters, offers en feeste, onderhou deur die volk. Dit het veral plaasgevind deur die offerstelsel en die tiendes:

- Van die meeste diere- en voedseloffers het die priesters ‘n sekere deel gekry as hulle voedsel (bv. Eks. 29:32-33; Lev. 7:1-18; Num. 18). Slegs die brandoffers is totaal verbrand.
- Die tiende-beginsel het reeds by Abram begin, waar hy ‘n tiende aan Melgisedek gee (Gen. 14:18-20). Ook Jakob maak aan God 'n belofte dat hy aan Hom 'n tiende van alles sal gee (Gen. 28:22). Dan sien ons hoe die Wet van Moses hierdie gebruik bevestig, 400 jaar later (Lev. 27:30-33; Num. 18:21; Deut. 12:6 e.e.). So het dit deur die eeue in Israel plaasgevind (bv. 2 Kron. 31:2-6; Neh. 10:38; 12:44-47) en is dit deur die profete aangemoedig (Mal. 3:8-10). Die tiende was deel van die konsep dat die “eerstelinge” van die oes of die wins aan die Here behoort het. Tiendes is dus nie net finansieel gegee nie, maar ook in produkte. Die tiende verteenwoordig eintlik die geheel. Alles behoort aan God, en om ‘n tiende te gee bewys dit.

Soms word die term “tiendes en offers” saam gebruik as ‘n versamelterm vir gelowiges se bydraes, byvoorbeeld in Mal. 3:8.

Finansies in die Nuwe Testament en vroeë kerk

In die Nuwe Testament word die konsep van tiendes en offers soos volg hanteer:

- Die gee van tiendes word deur Jesus bevestig in Mat. 23:23, alhoewel Hy die klem daar plaas op die feit dat ons nie net tiendes moet gee nie, maar ons harte reg moet kry.
- Paulus verwys nie na tiendes nie, waarskynlik omdat hy nie-Jode bedien het, wat minder bekend was met die Joodse Wet. Die Nuwe Testament het in die geheel ‘n ander benadering tot die wet as die Oue: Jesus beklemtoon die hartsgesindheid

waarmee die wet benader moet word, eerder as bloot uiterlike nakoming, en Paulus fokus weer op die feit dat die Heilige Gees ons sal inlei in ‘n lewe wat God behaag, sonder dat hy die wet ontken (Rom. 7-8). Die suiwer Joodse elemente van die wet (besnydenis, Sabbat, feeste) is egter nooit vir die nie-Jode opgelê nie.

- Nogtans sien ons dat die Nuwe Testamentiese gemeentes wel die tiende-beginsel gebruik het. Ons lees in die *Didache,* hoofstuk 13 (die *Didache* is die oudste Christelike lering buite die Skrif, geskryf 60-100 n.C.) dat die eerste Christene hulle “eerstelinge” moes gee van wat hulle ook al verdien het, hetsy brood, olie, wyn, of wat ook al. Dit moes gaan aan die profete en leraars, en aan die armes. Hulle moes dit doen “volgens die gebod”, wat beteken dat hulle die Ou Testament as ‘n riglyn hiervoor gebruik het.
- Dis ‘n duidelike Nuwe Testamentiese beginsel dat leraars deur die gemeente vergoed sal word (bv. Mat. 10:9-10; 1 Kor. 9:6-14; Gal. 6:6, 1 Tim. 5:18). Iemand soos Paulus het egter nie (altyd) van hierdie reg gebruik gemaak nie, en het tente gemaak om sy inkomste aan te vul (Hand. 18:3; 20:34-35, 1 Kor. 9:15).
- In die Nuwe Testamentiese tyd is die offerstelsel afgeskaf, deur Jesus se kruisdood en deur die vernietiging van die tempel. As Paulus geld insamel vir die arm Christene in Jerusalem (2 Kor. 8, 9, Gal. 2:10) noem hy dit ‘n “dienswerk” (*diakonia*), of ‘n “danksegging” of “dankoffer” (*eulogia*) (2 Kor. 9:5). Dis duidelik dat hy ‘n buitengewone bydrae aan Jerusalem wil insamel, bo en behalwe hulle bydrae aan die gemeente. Hy beklemtoon hierdie “dankoffer” glad nie as ‘n plig of ‘n tiende nie, maar moedig hulle bloot aan om ruimhartig te wees en liefde te bewys.

Ons kan sê dat die beginsel van tiendes en offers in die Nuwe Testament behoue bly, maar op ‘n Nuwe Testamentiese en nie-wettiese manier.

Ons kerk se tradisionele houding

Voor ons riglyne wil gee oor hoe en hoeveel ‘n Christen vir die gemeente behoort te gee, moet ons eers die volgende verduidelik:

- Die CGK het 'n tradisionele beginsel dat ons nie druk op mense plaas om te gee nie. Die noodsaak om te gee sal selde genoem word, daar word nie van huis tot huis geld ingesamel nie, en daar is 'n afgeskaalde klem op basaars en fondsinsamelings. ‘n Te groot klem op geld in die kerk dui op die verkeerde waardes en gee die koninkryk van God ‘n slegte naam. As lidmate bloot gee volgens die Bybelse lering oor tiendes en offers, sal die gemeente sy werk kan doen. Natuurlik is dit belangrik dat elke lidmaat hierdie verantwoordelikheid getrou nakom, anders kan ons nie gemeente wees soos die Here wil nie.
- (En natuurlik beskou ons dit nie as verkeerd as die gemeente, of bedieninge in die gemeente, saamspan om vir 'n sekere doel fondse in te samel nie, solank die klem steeds sal bly op lidmate se normale verantwoordelikheid teenoor die gemeente en die Here.)
- Die CGK noem homself ‘n “TIENDE-KERK”. Dis ‘n beginsel wat op drie vlakke gestalte kry:
    - Lidmate gee hulle tiendes aan die gemeente,
    - gemeentes gee ‘n tiende van hul inkomste aan die kerk nasionaal, en
    - die kerk gee weer ‘n tiende van sy sinodale inkomste aan ‘n nood buite die kerk.

Nou kan ons meer prakties raak deur die volgende vrae te antwoord:

Hoe moet ons gee?

Die Nuwe Testament is baie meer begaan oor die gesindheid waarin ons gee as oor die bedrag wat ons moet gee. Die volgende is Bybelse beginsels in die verband:

- Ons gee vryelik. Paulus sê juis dat dit nie iets moet wees wat "afgepers" is nie (2 Kor. 9:5 – sien ook Eks. 25:2; 1 Kron. 29:9).
- Ons gee uit liefde (2 Kor. 8:6-8): liefde vir God, vir sy koninkryk en vir mense.
- Ons gee uit dankbaarheid (2 Kor. 9:5-7) en blymoedigheid. Ons gee omdat ons reeds soveel ontvang het. Dit is 'n dankoffer en 'n danksegging (2 Kor. 8:9; 9:15).
- Ons gee nie om gesien te word nie, maar waar net God daarvan weet (Mat. 6:1-4).
- Ons gee gereeld, elke Sondag (1 Kor. 16:2) of elke maand.
- Ons gee na die mate van ons vermoë (2 Kor. 8:12-13). Volgens die tiende-beginsel gee die wat meer het meer, en die wat minder het minder. *Maar die arm weduwee (in Mark. 12:42-44) het volgens Jesus meer gegee as die rykes, juis omdat sy uit haar min gegee het.*

Uiteindelik is ons finansiële bydraes 'n geestelike saak en 'n geestelike dissipline. Ons doen dit omdat dit goed is vir ons. Om te gee oorkom die vlees, wat net wil ontvang. Dit "oefen" ons in die godsaligheid (1 Tim. 4:7-8). Geestelike dissiplines skep diepte in ons lewe, bring God in ons lewe in en maak ons diensbaar.

Hoeveel moet ek gee?

Vanuit die Skrif het ons nou twee maniere van gee afgelei:

- Die eerste is die beginsel van tiendes: Ons het gesien dat tiendes sterk figureer in die Ou Testament, dat dit deur Jesus bevestig is en dat dit deur die vroeë kerk gebruik is. Sommige mag vra: "Maar is die gee van tiendes dan nie wetties nie?" Soos die vroegste Christelike gemeentes gebruik ons die tiendes nie as wet nie, maar as riglyn. 'n "Tiende" is letterlik tien persent van ons inkomste, maar ons laat dit aan lidmate oor om self te besluit hoe hulle dit bereken, hetsy van hul bruto of netto inkomste of op 'n ander manier. Solank ons net die beginsel handhaaf dat die "eerste vrugte" aan God behoort, en dat ons dit gewilliglik en blymoedig aan Hom teruggee. Daar is ook Christene wat nie net een tiende gee nie, maar twee tiendes of meer. Hulle vertrou die Here vir groter inkomste, sodat hulle tiende ook meer en meer kan word. Waar gee ons ons tiende? Ons gee ons tiendes vir die funksionering van die gemeente, want die gemeente en kerk benodig 'n konstante inkomste om te kan begroot en te kan beplan. Let wel, die gemeente hou nie rekord van die spesifieke bedrae wat lidmate gee nie.
- Die tweede is die beginsel van dankoffers. Ons het gesien daar is in die Skrif soms bydraes gevra vir spesiale projekte, bo en behalwe die tiendes. In die Ou Testament sien ons dit byvoorbeeld in Esra 2:69 en Neh. 5:8, en in die Nuwe Testament in Hand. 11:29 en 2 Kor. 8-9. In die laasgenoemde hoofstukke sien ons Paulus bedoel hierdie "dankoffer" as iets totaal vrywillig. In sommige gemeentes is daar geleentheid vir 'n jaarlikse dankoffer, by ander word sendelinge op maandelikse basis op hierdie wyse onderhou (deur middel van 'n "geloofsbelofte-offer"), en dan is daar ook nou en dan ander goeie sake waarvoor bydraes gevra word.

Die voordeel vir ons

Volgens die Skrif is daar 'n besliste voordeel vir gelowiges om getrou te wees wat hulle tiendes en offers betref:

- Die belangrikste voordeel is dat dit goed is vir ons geestelike groei as ons kan gee. Om te offer leer ons om ons ou natuur te oorkom, ons ekkigheid wat selfgesentreerd en sondig is. Dit leer ons om onbaatsugtig te leef en aan ander liefde te bewys. Dis deel van ons gehoorsaamheid en dissipelskap (2 Kor. 9:13).
- Dan koppel die Skrif gee ook beslis aan ontvang. As ons gee, sal ons ontvang, en as ons ontvang, is dit om weer te kan gee. Dis soos saai en maai, volgens Paulus. Hy sê om te gee maak ons nie armer nie, dit maak ons bloot ryker (Fil. 4:17). Trouens, die Skrif se beloftes is baie groot in die verband; lees gerus Spr. 3:9-10; Mal. 3:10, Mark. 10:29-30, 2 Kor. 9:6-12.

Slot

Dit maak dus in elke opsig sin om gereeld en getrou by te dra tot die werk van die Here. Wees vry daarin, maar neem die Woord in gedagte en doen dit gelowig. Doen dit vir die Here. Op die manier word sy kerk en koninkryk gebou, word mense bedien en gehelp en groei ons om volwasse te word in die Here.

Wat ‘n seën!

You can never ever outgive the Lord.

Leesstuk 6:
Die Gereformeerde Leer

Nuwe Lidmate Induksie
Leesstuk 6:
Die Gereformeerde Leer

Gereformeerde teologie, 'n vertakking van die Protestantse Christendom, het tydens die 16de-eeuse Hervorming ontstaan. Dit is gewortel in die leerstellings van hervormers soos Johannes Calvyn en Ulrich Zwingli en het 'n diepgaande invloed op verskeie Christelike tradisies en kerklike instellings gehad.

1. Historiese Agtergrond
Die Hervorming, 'n beweging wat daarop gemik was om die kerk van Christus te hervorm, het in die vroeë 16de eeu begin. 'n Sleutelfiguur was Martin Luther, 'n katolieke priester, wat gepoog het om die kerk na sy Bybelse grondslae terug te bring, aangesien onbybelse beklemtonings, vals leringe en bygelowigheid die Roomse Katolieke Kerk binnegedring het. Die nuwe beweging, bekend as die Protestantse Hervorming, het verdeel toe Ulrich Zwingli met Martin Luther oor die onderwerp van die Heilige Nagmaal verskil het. Hieruit het die gereformeerde tradisie voortgevloei, en in enkele vertakkinge in Switserland, Skotland en Nederland ontwikkel.

Johannes Calvyn, 'n Franse teoloog en prediker, het een van die mees invloedryke figure in hierdie nuwe beweging geword. Hy het ‘n sterk gereformeerde gemeenskap in Genève gevestig, en sy jeugdige werk, "Die Institusies van die Christelike Geloof," het sy teologiese oortuigings sistematies uiteengesit en 'n grondliggende teks vir die gereformeerde teologie geword. Die leerstellings van die "Calvinisme", soos dit later genoem is, het die soewereiniteit van God, die gesag van die Skrif, en die noodsaaklikheid van redding uit genade deur geloof beklemtoon.

In die 17de eeu is Jacobus Arminius en die sogenaamde Remonstrante uit die Nederlandse Gereformeerde Kerk verban oor hulle geskille rakende die leer van die uitverkiesing en verlossing uit genade. Sedert daardie tyd word “Arminianisme” beskou as 'n afsonderlike en teenoorstaande tradisie van die gereformeerde leer. Uit hierdie geskil het die Kerk die Dordtse Leerreëls opgelewer, wat die grondslag gelê het vir die "vyf punte" van Calvinisme.

2. Kernbeginsels

Calvinisme word dikwels opgesom deur óf die vyf Protestantse “solas” óf die tipiese “vyf punte” van gereformeerdheid, in Engels opgesom met die naamdig “TULIP”. Die vyf letter-naamdig was 'n poging om in Engels aan te sluit by die grondslae van die Dordtse Leerreëls. Hierdie pogings bly egter steeds 'n bondige opsomming van gereformeerde teologie, en behels nie al die belangrike aksente nie.

2.1 Die vyf solas

Die vyf “solas” is fundamentele aansprake wat die wese van die gereformeerde teologie saamvat. Hulle het tydens die Hervorming ontstaan as 'n reaksie op katolisisme.

- **Sola Scriptura** (*Skrif alleen*): Hierdie beginsel stel dat die Bybel die uiteindelike gesag in alle sake van geloof en praktyk is. Gereformeerde teoloë glo dat die Skrif alleen voldoende is vir lering, teregwysing, regstelling, en opvoeding in geregtigheid. Dit weerspreek die katolieke siening dat sowel die Skrif as die tradisie gesag het om leerstellings te kan voortbring.
- **Sola Fide** (*Geloof alleen*): Hierdie beginsel beklemtoon dat verlossing deur geloof alleen verkry word, nie deur werke nie. Regverdiging, om as regverdig voor God verklaar te word, vind plaas deur die geloof in Christus se versoeningsoffer. Dit weerspreek die katolieke siening dat geloof en werke beide tot verlossing bydra.
- **Sola Gratia** (*Genade alleen*): Volgens hierdie leerstelling is verlossing 'n geskenk van God se genade. Mense kan nie verlossing deur hul pogings verdien nie; dit is geheel en al die gevolg van God se onverdiende guns. Dit weerspreek die katolieke siening dat verdienste opgebou kan word deur belydenis, goeie werke, gebed, ens.
- **Solus Christus** (*Christus alleen*): Hierdie beginsel beklemtoon dat Christus die enigste middelaar tussen God en die mensdom is. Verlossing word bewerkstellig deur Sy lewe, dood, en opstanding. Dit weerspreek die katolieke siening dat Maria en die heiliges ook tussen God en die mens bemiddel, alhoewel in 'n mindere mate.
- **Soli Deo Gloria** (*Aan God alleen die eer*): Hierdie beginsel proklameer dat alle eer aan God alleen toekom. Elke aspek van die lewe, insluitend verlossing, kom van God alleen en elke een wat daarin deel, moet aan God alleen die eer toebring.

2.2 Die vyf punte van Calvinisme (“TULIP”)

Die vyf punte van Calvinisme, geformuleer in reaksie op die teologiese standpunte van Jacobus Arminius, bied 'n verdere perspektief op die leerstellings van genade soos uitgedruk in die gereformeerde teologie.

- **Totale verdorwenheid** (***T**otal Depravity*): Volgens hierdie leerstelling word gestel dat die menslike natuur geheel en al deur sonde verdorwe is, wat elke aspek van ons menswees beïnvloed. Geen individu is gevolglik in staat om op eie vermoë na God te kom nie. Elkeen bly geheel en al afhanklik van God se genade.
- **Onvoorwaardelike verkiesing** (***U**nconditional Election*): Volgens hierdie beginsel het God in Sy soewereiniteit sekere individue vir verlossing gekies, nie op grond van enige verdienste of handeling in die verlede of in vooruitsig nie, maar uitsluitlik gegrond op God se genadige wil.

- **Beperkte versoening** (***L**imited Atonement*): Hiervolgens is Christus se versoening voldoende en effektief vir elke uitverkorene. Christus het dus gesterf om te red dié wat deur die soewereine God daartoe verkies is.
- **Onweerstaanbare genade** (***I**rresistable Grace*): Volgens hierdie leerstelling word gestel dat wanneer God Sy genade aan 'n individu bewys, dit nie weerstaan kan word nie. Uitverkorenes draai dus inderdaad uit innerlik-beweegde vrye wil na God, glo in Christus en word gered.
- **Volharding van die heiliges** (***P**erseverance of the Saints*): Hiervolgens word verseker dat diegene wat deur God verkies word en tot geloof gebring word, in daardie geloof sal bly volhard tot die einde. Ware gelowiges is vir ewig veilig in hulle verlossing, want God se verlossing is ‘n volkome werk, nie ‘n feilbare menslike werk nie.

2.3 Ander Kenmerke

- **Openbaring en Skrif**

Gereformeerde teoloë glo dat God Homself aan mense openbaar, en daarsonder kan niemand God werklik ken nie. Daar is twee hoofweë waarlangs God Homself openbaar:

■ **Die algemene openbaring**: Die natuur (of skepping) en God se voorsienigheid verleen aan die mens algemene kennis oor God, byvoorbeeld oor sy krag en goddelikheid, asook oor die mens, byvoorbeeld sy sterflikheid en sondigheid. Die algemene openbaring verleen kennis van die mens se skuld, maar nie aangaande sy verlossing nie.
■ **Die besondere openbaring**: Deur die Woord van God openbaar God aan die mens dat Jesus Christus, die Seun van God, wat ook genoem word “die Woord wat vlees geword het”, se lewe, lering, sterwe en opstanding verlossing bewerk. Die Bybel, ook “die Woord van God” genoem, getuig oor Christus in die Ou en Nuwe Testamente, deur belofte en vervulling, in wet en evangelie. Ook in die prediking van die Bybel deur God se aangesteldes word Hy geopenbaar.

Alhoewel God Homself aan ons openbaar, is ons kennis van Hom beperk. God is oneindig, en ons is eindige mense, nie in staat om 'n oneindige wese te begryp nie. Sy openbaring aan ons is nooit verkeerd nie, maar in ons menslike verdorwenheid is dit vir ons begrip ook nooit volkome omvattend nie. Soos die apostel Paulus in 1Korintiërs 13:12 skryf: "ons ken ten dele en profeteer ten dele".

- **Die belangrikheid van die verbond**

Die teologie van die Verbond staan sentraal tot gereformeerde denke. Gereformeerde teoloë beskou die Bybel as 'n samehangende verhaal van God se heilswerk deur Sy verbonde met die mensdom. Hierdie verbonde openbaar God se verlossingsplan en sy verhouding met sy volk. Daar word dikwels twee verbonde onderskei:

■ **Werkverbond**: Hierdie verbond, gesluit met Adam in die Tuin van Eden, het die belofte gedra vir lewe vir gehoorsaamheid en die dood vir ongehoorsaamheid. Adam se mislukking lei tot die val in sonde van die mensdom. Sy sonde is op alle mense

oorgedra omdat hy as hoof van hierdie werksverbond alle mense in hom, “in Adam”, verteenwoordig het. Vandaar word alle mense in sonde gebore, wat as “erfsonde” beskrywe word.

■ **Genadeverbond**: Na die sondeval het God die genadeverbond ingestel, waarvolgens daar verlossing deur geloof in Christus belowe word. Hierdie genadeverbond word progressief deur die Bybel geopenbaar en vind sy vervulling in die “Nuwe Verbond” wat deur Christus se offer aan die kruis ingestel is.

Deur die genadeverbond bly God se handelinge met die mens, regdeur die Ou en Nuwe Testamente heen, tot vandag toe één “heilsgeskiedenis”.

- **Die Soewereiniteit van God**

Die soewereiniteit van God is 'n hoeksteen van gereformeerde teologie. Gereformeerde teoloë bely dat God volledig in beheer is van alle dinge, insluitend verlossing. Hy is soewerein in skepping, voorsienigheid, verlossing en oordeel. God is Koning en Here van alles. Anders gestel: niks gebeur sonder dat God dit wil nie (ook voor dit gebeur), of sonder dat Hy wil dat dit gebeur soos dit gebeur nie. Hierdie geloof bring 'n bewussyn van ontsag en eerbied, bied diepe troos, en erken dat God uiteindelik oor alles gesag en mag het. Alles staan onder Sy Heerskap en beheer.

- **Verlossing deur geloof**

Gereformeerde teoloë glo, soos ander Protestante, dat verlossing van die straf vir sonde aan almal wat geloof in Christus het, gebied word. So 'n geloof is nie bloot intellektuele instemming nie, maar behels 'n persoonlike vertroue op God en sy belofte om te red. Gereformeerdes glo daar is geen verdere vereiste vir verlossing nie; geloof in Christus alleen, sy dood en opstanding, is voldoende.

- **Regverdigmaking** gebeur wanneer God die sonde van diegene wat in Christus glo, vergewe en hul skuld kanselleer om Jesus Christus ontwil. Regverdigmaking gebeur uitsluitlik deur God se genade, op grond van die versoening van Jesus Christus aan die kruis.
- **Heiligmaking** is om in genade te groei, in heiligheid en geestelike toewyding, deur God wat in die gelowige werk om te wil. Die goeie werke wat deur gelowiges verrig word, is die noodsaaklike uitvloeisel van die verlossing, nie die oorsaak daarvan nie. Dit is die vrug by enigeen wat as ‘n verloste kind van God leef.

3. Kenmerkende aanbidding

Gereformeerde eredienste word gekenmerk deur hul eenvoud, fokus op die Skrif, en liturgies begeleide aanbidding. Slegs dit wat in die Bybel beskryf word, word in eredienste gebruik. Gereformeerde eredienste sluit tipies die volgende elemente in:

- **Prediking van die Woord**: Wesenlik tot 'n gereformeerde erediens is die prediking van die Woord. Skriflesing en prediking is 'n genademiddel waardeur God tot Sy gemeente spreek.

- **Heilige Sakramente**: Gereformeerde kerke erken twee sakramente: die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal. Hierdie sakramente is tekens en seëls van God se verbondsbeloftes.
- **Gebed**: Gemeenskaplike gebed is 'n integrale deel van gereformeerde aanbidding, beoefen in afhanklikheid van God, sy leiding en sy seën.
- **Gewyde sang**: Sommige gereformeerde kerke sing slegs goedgekeurde Psalms en Gesange, maar al meer word daar vandag gebruik gemaak van die wye internasionale skat van kontemporêre lof- en aanbiddingsliedere, veral in kleingroepbyeenkomste.
- **Belydenis van geloof**: Die voorhou van kort geloofsbelydenisse soos die Apostoliese Geloofsbelydenis is algemeen beoefen om so die geloofsoortuigings van die gemeente te bevestig. Dit word vandag ook op gevarieerde wyse as getuienisse of as gepaste Skrifgedeeltes beoefen.
- **Eenvoud en eerbied**: Gereformeerde eredienste word tipies gekenmerk deur eenvoud, dankbaarheid en eerbied. Dit vermy enersyds strakke rituele en andersyds ongebreidelde emosionaliteit, terwyl dit fokus op die aanbidding van God in gees en waarheid.

4. Gevolgtrekkings

Gereformeerde teologie, met sy ryk historiese agtergrond en kenmerkende leerstellings, het 'n groot invloed uitgeoefen op die Christelike en filosofiese denke en praktyke deur die eeue. Gewortel in die beginsels van die Hervorming, beklemtoon dit die gesag van die Skrif, verlossing uit genade deur geloof alleen, en die soewereiniteit en voorsienigheid van God. Dit bring gelowiges tot 'n dieper begrip van God se heiligheid, genade, soewereiniteit, en heerlikheid.

Die invloed van gereformeerdheid op die wêreld was verreikend. Dit het bygedra tot die konsepte van demokrasie en kapitalisme in die Westerse wêreld, 'n sleutelrol gespeel in die stigting van die Amerikaanse samelewing en kultuur, en was betrokke by die afskaffing van slawerny, by vroueregte, hervorming van die gevangeniswese, die stigting van universiteite, kolleges, en organisasies soos die Rooi Kruis en die Geneefse Konvensie. Gereformeerde teologie word nie net gevind in Gereformeerde en Presbiteriaanse kerke nie, maar ook selfs in wisselende mates by Kongregasionaliste, Anglikane, Baptiste, en 'n spektrum van onafhanklike evangeliese kerke. Dit het bygedra tot die beginsels van rasionaliteit, verdraagsaamheid, en verantwoordelikheid wat ons samelewing onderlê.

Ons is trots om deel te wees van die gereformeerde erfenis. Gereformeerdheid is ‘n wye stroom en verskillende teoloë mag verskillende aspekte daarvan beklemtoon. As evangeliese Christene is die benadering van die Christelike Gereformeerde Kerk dat ons evangelies én gereformeerd is. Daarin beklemtoon ons die verkondiging van die evangelie aan alle mense en roep hulle op tot persoonlike bekering en ‘n nuwe lewe in toewyding aan Christus.

Gepubliseer deur CGK MEDIA
Vir bestellings of navrae:
media@crcsa.co.za